**Marcion, VIDA en Marcionisme vandag**

**S. Le Cornu**

*11 Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid. 12 Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou. 13 Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva. 14 En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom. 15 Maar sy sal gered word deur kinders te baar, as hulle bly in geloof en liefde en heiligmaking, met ingetoënheid.* - 1 Timoteus 2:11-15

"Marcion accepted only the Gospel of Luke and the writings of Paul for his New Testament canon, and he was forced *to alter even these to fit his teachings*."[1]

"*1 Tim 2.11 … Note also that Marcionite women were teachers or prophetesses* (Tert, Hipp, Epiph, Eznik)"

"Marcion rejected *the two epistles to Timothy* and the one to Titus, all of which deal with church discipline. His aim was, I suppose, to carry out his interpolating process even to the number of epistles." – Tertullian (*Against Marcion*, c.207, W), 3.473[2]

"(Marcion) stel dan ook sy eie "Kanon", of lys van vir hom gesaghebbende boeke op. Hierin verwerp hy verskeie Nuwe-Testamentiese Boeke *wat nie strook met sy Gnostiese beskouinge nie*." Prof. JC Coetzee

"Finally, 'A Marcionite innovation was the permission given to women to hold office in a church.' Each of these areas sheds a little light into Marcion's theology. … But as Marcion read Paul, he would edit the sections he felt were influenced by Judiaism and therefore had an inaccurate understanding of Paul."

**Wie was Marcion, wat was sy 'teologie' wat gelei het daartoe dat hy deur vroeë kerk ge-ekskommunikeer is, en watter invloed het hy vandag nog ?**

Marcion het in die 2de eeu gelewe, 'n biskop van Sinope in Pontus. Hy het in jaar 142/3 na Rome gegaan waar hy sy teologiese sisteem uitgewerk het, en waarvoor hy ook dan ge-ekskommunikeer is. Na sy ekskommunikasie keer hy terug na Klein-Asië.

Marcion se nuwe geloof kan soos volg saamgevat word:

[1] David W. Bercot, *A Dictionary of Early Christian Beliefs* (Peabody: Hendrickson Publ., 1998), p.84.
[2] *Ibid.*, p.84.

> Marcion believed Jesus Christ was the savior sent by God and Paul of Tarsus was his chief apostle, but he rejected the Hebrew Bible and the God of Israel (YHWH Elohim). Marcionists believed that the wrathful Hebrew God was a separate and lower entity than the all-forgiving God of the New Testament. This belief was in some ways similar to Gnostic Christian theology; notably, both are *dualistic*.
>
> Marcionism, similar to Gnosticism, depicted the Hebrew God of the Old Testament as a tyrant or demiurge (see also God as the Devil). Marcion was labeled as gnostic by Eusebius. Marcion's canon consisted of eleven books: A gospel consisting of ten chapters from the Gospel of Luke edited by Marcion (the current canonical Gospel of Luke has 24 chapters); and ten of Paul's epistles. All other epistles and gospels of the 27 book New Testament canon were rejected.

Marcion het veral 'n groot invloed gehad op die erkenning (nie die vorming nie), van die kanon gehad in die vroeë kerk. Prof. JC Coetzee, in sy werk, Die Kanon van die Ou en Nuwe Testament, beskryf dit as volg:[3]

> "Marcion, die bekende Christelik-gnostiese ketter, tree op in Rome in die jare 140 tot die einde van die tweede eeu. In ±150 n.C. stel hy sy eie lys (kanon) van Christelike Skriftuur op, met verwerping van heelwat kanonieke boeke … Hierdie ketter verwerp die Ou Testament geheel en al en beroep hom uitsluitend op die Nuwe Testament as Gods Woord. … Marcion, in verset teen die Christelike Kerk, erken in sy eie kanon-lys slegs een Evangelie, waarskynlik Lukas, en 10 briewe van Paulus (nie die Pastorale Briewe nie, en ook nie Hebreërs nie, wat in die vroeë kerk dikwels as Paulinies beskou was.) … Terwyl ons sy standpunt ten opsigte van die Ou Testament skerp verwerp, vind ons in sy optrede tog wel 'n sterk bewys van die erkenning van 'n Nuwe-Testamentiese Kanon teen die helfte van die 2e eeu. Hy stel dan ook sy eie "Kanon", of lys van vir hom gesaghebbende boeke op. Hierin verwerp hy verskeie Nuwe-Testamentiese Boeke wat nie strook met sy Gnostiese beskouinge nie. …
>
> Marcion skep nie die Kanon nie: Die kritiese teologie wil alte graag Marcion as eintlike skepper van die Kanon sien. Hy sou dan by verwerping van die Ou Testament die eerste gewees het om behoefte te gehad het aan 'n Nuwe-Testamentiese Kanon. Dit blyk duidelik dat hierdie sienswyse vals is. Marcion kom juis in verset teen die kerk se kanon van Ou en Nuwe Testament! Hy verwerp die reeds so lank aanvaarde Ou-Testamentiese Kanon, en stel hom verder uitdruklik rewolusionêr teen sekere Nuwe-Testamentiese boeke – wat juis laat blyk dat hierdie boeke al in die kerk erkend moes gewees het!. … Toe Marcion binne die Kerk vanuit sy Gnostiese dwaalleringe ook die gesag van die Ou Testament verwerp het, is hy in 141 n.C. summier afgesny van die Kerk en verketter. …"

[3] Die aanhaling is 'n samestelling van wat prof. Coetzee oor Marcion geskryf het.

Onderliggend aan Marcion se teologie, is dat hy nie kon aanvaar het dat die God wat in die OT gespreek het, dieselfde God is as die God wat in die NT gespreek het nie. Eersgenoemde was wreed, en laasgenoemde liefdevol:

> "According to Marcion, the god of the Old Testament, whom Marcion called the Demiurge, the creator of the material universe, is a jealous tribal deity of the Jews, whose law represents legalistic reciprocal justice and who punishes mankind for its sins through suffering and death. Contrastingly, the god that Jesus professed is an altogether different being, a universal god of compassion and love who looks upon humanity with benevolence and mercy."

Marcion was natuurlik besig met 'n totaal valse teenstelling, aangesien in beide bedelings daar oordeel/wet én genade/evangelie is, God is beide regverdig en liefdevol, soos sy grootste en beste teenstaander, Tertullianus, dit gestel het:

> "Marcion's special and principal work is the seperation of the Law and Gospel … the purpose is that by showing the diversity of the two documents that contain the Law *and* the Gospel, they may argue that there is a diversity of Gods also …"[4]

Dit het verder ook daartoe gelei dat hy 'n valse teenstelling gemaak het tussen genade (NT) en natuur (OT), tussen gees en liggaam. Dit is dan ook nie vreemd dat hy aan Doscetisme geglo het nie, naamlik dat Christus nie as volkome mens in die vlees gekom het nie, maar 'n blote verskyning was in menslike vorm, soos die engele op plekke in die OT. En die rede waarom hy dit geglo het:

> "Marcion could not believe that the Supreme God would defile himself as man in the flesh and so he explained away the virgin birth of Jesus and said Jesus only seemed to suffer on the cross."

Tertullianus noem dat Marcion bv. die huwelik as 'n 'evil and unchaste thing'[5] gesien het, en Marcion het getroudes alleen gedoop as hul 'n eed aflê dat hul nie seksueel sal verkeer nie (Marcion het duidelik die 'menslike natuur' nie goed geken nie … ek dink nie Hollywood sal oor hom 'n fliek wil maak nie?), soos Schaff dit stel:

> Notwithstanding his violent antinomianism, Marcion taught and practiced the strictest ascetic self-discipline, which revolted not only from all pagan festivities, but even from marriage, flesh, and wine. (He allowed fish). He could find the true God in nature no more than in history. He admitted married persons to baptism only on a vow of abstinence from all sexual intercourse.

---

[4] *Ibid*., p.420.
[5] *Ibid*., p.420.

Daarom dat geleerdes daarop wys dat die Marcioniete heel moontlik 1 Timoteus verwerp het omdat dit hul valse gnostiese dualisme tussen genade en natuur (tussen geloof/geestelike dinge en die huwelik as 'fisiese saak') verwerp het (1 Tim.4:1ev; 6:20,21).

Marcion se onderliggende teologie, soos ons almal s'n, het natuurlik implikasies, verrykende implikasies.
Sy Godsbeskouing is verkeerd, sy 'nuwe testament god' is nie die Drie-enige God van die *hele* Skrif nie, daarom dat Cyprianus ook vra:

> "Does Marcion, then, maintain the Trinity ? Does he then declare the same Father – the Creator – that we do? Does he know the same Son, Christ born of the virgin Mary, who as the Word was made flesh?"[6]

En die antwoord is 'n duidelike 'Nee'. Marcion het ook ontken dat Christus die Seun van die God van Abraham, Isak en Jakob is, hy het ontken dat Christus in die vlees gekom het, as volkome Mens, en daarin vind hy homself onder die antichriste, wat geleer het Christus het nie in die vlees gekom het nie (1 Joh.2:18-23; 4:1-4; cf. Joh.1:14). Marcion het die Kanon verwerp, en sy eie kanon geskep.

Net hierdie dwalinge alleen is genoegsaam om met Marcion niks te doen te wil hê nie.

**Marcionisme vandag ?**
Baie in die ortodoks protestantse kerke verwerp die leer van Marcion, spesifiek sy valse kanon, sy spesifieke godsbeskouing en dwalinge oor Christus, *maar is ons heeltemal bevry van die gees van Marcionisme ?*
Maak ons nie maar baie maal, ten minste in die praktyk ook **valse teenstellings**:
1. Die 'wrede god' van die OT teenoor die 'liefdevolle god' van die NT ?
2. Die 'ongenaakbare god' van die OT deur die uitverkiesing, teenoor die 'genadige god' wat almal liefhet in die NT ?
3. Die 'god van die OT' wat net die Jode red, teenoor die 'universalistiese jesus' wat almal (kop-vir-kop) red in die NT?

> "According to Marcion, the god of the Old Testament, whom Marcion called the Demiurge, the creator of the material universe, is a jealous tribal deity of the Jews, whose law represents legalistic reciprocal justice and who punishes mankind for its sins through suffering and death. Contrastingly, the god that Jesus professed is an altogether different being, a universal god of compassion and love who looks upon humanity with benevolence and mercy."

4. Deur te beweer: die OT is 'n 'Joodse boek' en vir hulle alleen (Die Psalms sing bloot van menslike konings?), teenoor die NT is 'n 'Christelike' boek (… en daarom moet ons die Joodse Psalms 'Christelik en

[6] *Ibid*., p.422.

Messiaans' *maak,* dw.s. herinterpreteer) ?
5. En, die OT is die tyd van redding deur werke, die NT is die tyd van redding uit genade deur die geloof ?

En, wat **die valse dualismes** van Marcion betref, d.w.s. die valse teenstelling tussen natuur en genade, asof eersgenoemde sleg is en die laasgenoemde goed:
1. In die OT het dit bloot oor 'n aardse koninkryk gegaan, in die NT gaan dit nou net oor die geestelike koninkryk (die hemel).
2. In die OT het hul volgens God se wette gelewe, in die NT lewe ons nou net deur die Gees (los van die wet) ?
3. In die OT was volke en groep en tale en kulture in diens van God belangrike dinge, in die NT gaan dit *net* oor of my 'hartjie' aan jesus behoort (of ek hemel toe gaan, d.w.s. individualisme) ?
4. Die OT mense het geglo in 'n 'letterlike skepping', maar nou in die NT weet ons dit moet slegs geestelik verstaan word, allegories verklaar word (bv. Gen.1-3) ["Dit gaan nie oor of die Here hierdie fisiese, tyd/plek kosmos geskape het nie, maar bloot of ons 'geestelik' glo dat Hy 'n skepper is", d.w.s. God stel net in die 'geestelike belang, nie die aarde en kosmos nie].
5. Die OT is vol mites en histories onbetroubaar en feilbaar, die NT is betroubaar en onfeilbaar want dit gaan 'net' oor verlossingsake.

Maar, dan ook op **'n eties-morele terrein**, veral hier, is ons tye en geslagte, baie kerke en teoloë deurdrenk van die marcionistiese gees, in bewerings soos volg:
1. In die OT tyd, die 'primitiewe' tyd was (baie) kinders kry belangrik, maar in die NT nie meer nie, ons moet nou 'verantwoordelik' wees.
2. In die OT het God egskeiding gehaat, maar in die NT vergewe hy alles, akkomodeer Hy alles en verdra Hy alles (d.w.s. God straf en tug nie meer nie).
3. In die OT het God ge-eis dat alle konings en regters van die aarde hul moet bekeer, Hom moet dien en aanbid in alles, ook hul wetgewing (Ps.2; 33:8; 147; Pred.12:13,14)), maar in die NT het mense en volke menseregte verkry wat hul beskerm om elkeen hul eie gode te dien en self god te wees deur hul eie wette uit te dink.
4. In die OT sing die Psalms op vele plekke dat nie net individue nie, maar volke Hom moet loof en prys (Ps.117), maar in die NT is elkeen geregtig om te glo en te doen soos hy/sy/dit wil.
5. In die OT was (bv) aborsie-moord en homoseksualisme 'n gruwel, maar in die NT tyd is dit nie meer 'n gruwel nie.
6. In die OT moes die gelowiges God aanbid soos Hy beveel, in die NT kan ons Hom aanbid soos ons wil, solank ons bedoelings net goed is.
7. In die OT tyd het dit gegaan oor ware leringe, in die NT gaan dit net oor 'liefde en verdraagsaamheid', moenie so 'wetties en rigied' wees nie.

8. “As iets nie ook in die NT geskrywe staan nie, maar slegs in die OT, dan is dit nie waar nie en geld nie meer vandag nie (die ‘what-would-jesus-do’ kulte).”
9. En ja, in die OT het God ‘n bepaalde skeppingsordening vir man en vrou gehad: gelyk in waarde en wese, maar verskillend in rol/taak/ampte; in die NT val dit alles weg, en is man en vrou nou absoluut gelyk, d.w.s. ook in rol/taak en ampte. Jesus het die vrou en man bevry van enige natuurlike, skeppingsgegewe onderskeid, absoluut geen meer ‘diskriminasie’ in die NT tyd nie. Marcion ‘practised what he preached’:

> “The early Gnostic well known to church history students named Marcion was excommunicated from the church in A.D. 150. He then established his own church in which he appointed women as bishops and priests. In the Valentinian Gnosticism, women functioned as teachers, evangelists, healers, priests, perhaps as bishops. This Movement in the church to put women into roles of spiritual leadership is simply reflective of this same kind of religious attitude.”

Om die laaste punt te illustreer, hoe die gees van marcionisme (‘n valse teenstelling tussen die leer van die OT en die NT oor die man en vrou se rolle en take; asook ‘n valse teenstelling tussen natuur [man en vrou wees] en genade [redding in Christus], wys ek u op die artikel in die Beeld (2011-05-26) van prof. Adrio König,[7] onder die opskrif: Onderdane wat slaafs is taboe (sic)

Ek gaan, ter wille van die belangrikheid van die saak, die hele artikel hier plaas, en dan tussen König se skrywe reageer met my voorletters ‘slc’ (beklemtonings en kursief bygevoeg):

> Konig: “Paulus beveel nie die vroue om aan hul mans onderdanig te wees nie, hy kritiseer die vorm van hul onderdanigheid (Ef. 5). Vroue-onderdanigheid was algemeen in die Joodse en Grieks-Romeinse kultuur.
>
> Dit was regtig onnodig vir Paulus om dit te herbevestig. Die dogters het dit met moedersmelk ingekry. Maar dit was ’n slaafse onderdanigheid. Die Ou Testament is vol daarvan dat die vrou eintlik die man se eiendom is. Sy verskyn wel boaan die lys van sy besittings in die tiende gebod, maar sy is nog sy besitting. Hy kon wel van haar skei (’n mens kan afsien van jou eiendom), maar nie sy van hom nie (hoe kan jou besitting besluit om nie meer jou besitting te wees nie?).
>
> Sy het omtrent geen regte gehad nie. Haar kinders was weeskinders, al het sy nog geleef, kinders sonder regte. As haar man dood is, kon ’n skuldeiser haar kinders as slawe kom vat, iets wat onmoontlik was solank die pa nog geleef het (2 Kon 4). Waarom sou Paulus in so ’n situasie nog die vrou se onderdanigheid wou beklemtoon? Hy kritiseer dit eerder. Hy skryf eintlik iets soos: Hou op met julle slaafse onderdanigheid, begin onderdanig wees aan julle mans soos julle aan die Here is en soos julle mans aan julle moet wees. Om aan die Here onderdanig te wees, is totaal anders as om ’n

[7] Prof. König is afgetrede professor in sistematiese teologie aan Unisa.

man se slaaf te wees. Die Here gee ons al die ruimte om ons gawes te ontwikkel. Ons is tot alles in staat deur die Here wat ons krag gee (Fil. 4:13). "

slc: *Eerstens*, het ek hier en hier reeds geskryf oor König se Skrifbeskouing en verdraaiing van die OT siening van die vrou in vergelyking met die NT, asook sy eensydige aanhaling oor die vrou se waarde in die OT en NT. In König se huidige artikel, haal hy weereens selektief/eensydig aan uit die OT, verwys geensins na die belangrikste en wesentlike skeppingsordening tekste in Genesis nie (1:26-28; 2:18-25) asook nie na die sentrale NT tekste soos bv. 1 Kor.11:2,3; 1 Kor.14:34; 1 Tim.2:11-15, ens. nie. Die tekste wat hy wel aanhaal word gerieflik gekies en aangepas om sy saak te dien. Later meer hieroor.

*Tweedens*, is dit baie belangrik om raak te sien dat König nié die wesentlik-krities belangrike onderskeid maak tussen Godsopenbaring (die OT self) en wat die Jode/Israel in die praktyk baiemaal met hierdie Openbaring in antwoord in die praktyk gedoen het nie (dankbare gehoorsaamheid of sondige ongehoorsaamheid aan God se bevele vir die huwelik en verhoudings).

*Derdens*, dui König openlik aan dat die skuld vir die tradisionele huweliksbeskouing, die 'vroue onderdanigheid van die Joodse ... kultuur' (nl. man is gelyk in waarde en wese, maar verskillend in rol/taak) **dat dit die OT se skuld is** ("Die Ou Testament is vol daarvan ..." en dan volg al die sogenaamde 'euwels' van 'vroulike onderdanigheid'), d.w.s. die God (god?)van die OT dra die skuld vir al die ongeregtigheid van 'vroulike onderdanigheid' deur die eeue.

Of, *vierdens*, moet 'n mens die vraag var: sien König nie die OT (of dele daarvan) as God se Openbaring in die OT nie, nie as God se wil nie ? Is hy dan dalk soos Marcion besig om te kies en te keur wat God se Woord is of nie, soos dit in König se huidige sosio-historiese konteks inpas ?

*Vyfdens*, as König dan skryf: "Om aan die Here onderdanig te wees, is totaal anders as om 'n man se slaaf te wees", bedoel hy dan dat die god/God van die OT (wat vroulike onderdanigheid geleer het en volgens hom 'slaaf[s]' en verkeerd was), en die god/God wat 'wederkerige' onderdanigheid leer in die NT (jesus/Jesus) wesentlik verskil, dalk twee verskillende gode is met twee verskillende wille wat teenstrydig is ... die dualistiese demiurge god van Marcion, vandag die sogenaamde 'patriargale Drie-enige God' van die OT wat vervang moet word deur die 'matriargale vroulike god' gedagte van die NT ?

*Sesdens*, skryf König duidelik dat Paulus die OT openbaring korrigeer, dus die 'god/God van die OT' korrigeer, as hy skryf: "Waarom sou Paulus in so 'n situasie nog die vrou se onderdanigheid wou beklemtoon? Hy *kritiseer* dit eerder." Dus, Paulus se openbaring wat Hy ontvang het deur die Gees, is anders en in stryd met die 'vroulike onderdanigheid' leringe van die OT, d.w.s die skeppingsordening van

God in die OT. Kenneson skryf oor Marcion se 'Paulinism' as volg:

> "Marcion is explained as having exaggerated Paulinism. This meant that he believed that Paul was the only person who truly understood Jesus and the other twelve apostles were Judiaizers attempting to destroy the church. But as Marcion read Paul, he would edit the sections *he felt were influenced by Judiaism and therefore had an inaccurate understanding of Paul*. These three, Dualism, Doceticism and Exaggerated Paulinism, were the main emphasis of his theology. "

En, watter boeke van Paulus het Marcion gekorrigeer en/of verwerp?

Die Pastorale Briewe, dus ook 1 Tim.2:11-15, wat heel moontlik volgens Marcion nog deel was van die 'Judaisme' van die OT wat hy verwerp het, die OT wat nog 'vroulike onderdanigheid' geleer het ? Is dit 'n te groot sprong om te vra: hoekom behandel König nie 1 Tim.2:11-15 in sy gereelde artikels in die Beeld oor die vrou se rol nie ?

> König: "En boonop het Paulus 'n pragtige opskrif bokant hierdie deel geskryf: "Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig." Dit beteken die man moet presies dieselfde onderdanigheid aan sy vrou hê as sy vrou aan hom. Dit gaan dus om wederkerige onderdanigheid.
>
> Wederkerige onderdanigheid
>
> In 1 Kor. 7:2-5 skryf hy dit net nog duideliker. Daar is absolute wederkerigheid. Elke ding wat van die een gesê word, word in presies dieselfde woorde van die ander een herhaal.
>
> - Die man moet sy huweliksplig teenoor sy vrou nakom en net so ook die vrou teenoor haar man.
> - Die vrou beskik nie oor haar eie liggaam nie, maar die man. Net so beskik die man ook nie oor sy eie liggaam nie, maar die vrou. Daarom kan hulle net met wedersydse toestemming sekere dinge besluit. Dit is 'n prentjie wat soos dag by nag van die huwelik in die Ou Testament verskil. Dit is bevryding vir die vrou én die man!
>
> Die man se hoofskap
>
> Maar wat dan van die man wat die hoof van die vrou is? (Ef. 5:23) Is Paulus nie ook hier eerder besig om die man se tradisionele hoofskap (baasskap) te kritiseer nie? Hy moet die hoof wees soos Christus, Christus wat die Verlosser is. En wat beteken dit? Christus het sy lewe vir ons afgelê (5:25-27). Hy wat die Hoof is, het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien (Mark. 10:45) en deur sy diens die kerk skoon en mooi te maak (Ef. 5:25-27). Dis die man se taak as hoof: diens om sy vrou se lewe te versier. Ek speel met die gedagte dat Paulus eintlik hoof in aanhalingstekens sou geskryf het ("hoof") want hy verwys net na Christus se diens aan ons. Die feit dat die vrou in alles aan haar man onderdanig moet wees (5:24), kanselleer dus nie die opskrif nie. Dit geld ook van die man. Dit gaan immers oor 'n wederkerige verhouding. Intussen is dit ook belangrik wat hy die mans beveel: "Mans, julle moet julle vrouens liefhê" (5:25). Ook dit is kritiek op daardie kultuur toe

mans eerder net ’n meisie gesoek het om kinders vir sy pa se nageslag te lewer. Moet ons nie, mans én vroue, dankie sê dat Paulus hierdie vorm van die huwelik, waar die man beheer oor die vrou gehad het, radikaal hersien het nie en ons die ruimte vir liefdeshuwelike gegee het?”

slc: Hierdie artikel kan nou nie in detail ingaan oor die vrou se plek en rol in die OT en NT nie. Graag verwys ek die lesers na die Studiestuk wat in 1988 op die GKSA se sinode gedien het. As ‘n mens die OT in sy geheel lees, was dit nie vreemd dat vrou reeds daar wederkerige en selfs hul eie besluite kon neem nie, om maar een voorbeeld te noem, die Spreuke 31 vrou:

“[10] Alef. Wie sal 'n deugsame vrou vind? want haar waarde is ver bo korale. [11] Bet. Die hart van haar man vertrou op haar, en aan wins sal dit hom nie ontbreek nie. [12] Gimel. Sy doen aan hom goed, en nie kwaad nie, al die dae van haar lewe. [13] Dalet. Sy sorg vir wol en vlas, en sy werk met gewillige hande. [14] He. Sy is soos die skepe van 'n handelaar -- van ver af bring sy haar brood in. [15] Wau. En sy staan op as dit nog nag is en gee voedsel aan haar huisgesin en die bestemde deel aan haar diensmeisies. [16] Sajin. *Sy dink na* oor 'n stuk grond en koop dit, van die vrug *van haar hande* plant sy 'n wingerd.”

In die Hooglied van Salomo, lees ons hoe die bruid en bruidegom, in ‘n *wederkerige* verhouding mekaar seksueel vir mekaar gee (in 3:2-4 gaan soek sy haar beminde, gee sy haar vrywillig aan hom; sien ook 8:3). Manne wat vrouens verkrag het moes die doodstraf kry, as ‘n man en meisie saam buite die eg gemeenskap het, het albei, nie net die vrou nie, doodstraf gekry (Deut.22:22-30) . Kyk die eerbare respek van Boas en die manne in die stadspoorte teenoor Rut, 3:10,11. Rut word beskou as meer werd as 7 seuns, 4:15. Abigail word as ‘n mooi en verstandige vrou beskryf teenoor haar dwase man, 1 Sam.25:3. Baie maal word moeders van konings in Israel se name genoem, en dat hul langs hul koningseuns gesit het, plekke van eer en waardigheid (1 Kon.2:19; 2 Kon.18:2).

In Spr.14:1 lees ons van die wysheid van vroue, Spr.18:22 word die vrou beskryf as ‘goed en welgevalle’ geskenk van die HERE ontvang, en nie as ‘n ‘besitting’ nie. Ps.144:12 word dogters saam met seuns as seëninge en krag beskou, en in Deut.36:8 lees ons van dogters wat eiendom ontvang het. En so kan ‘n mens voortgaan oor die waardigheid van vrouens in die OT en volgens die OT. Weereens, dit beteken nie daar was nie ook baie onreg wat beskryf (maar nie voorgeskryf) is nie. Daarom moet ‘n duidelike onderskeid gemaak word tussen wat die OT *beskryf* oor die OT tye (wat sondig of gehoorsaam kon wees of tydelike seremoniële en burgerlike wette van Israel wat vir die OT bedeling was) en dit wat die OT *voorskryf* aangaande die vrou en haar waarde en rol wat vanaf die skepping geld en in later Openbaring bevestig word. Eersgenoemde is nie normatief geldend nie, laasgenoemde is.

Oor Ef.5:21-33, *eerstens*, hierdie verse verwerp of ‘kritiseer’ of ‘verander’ nie die skeppingsorde van Gen.1 en 2 nie, dit heilig en herbevestig dit - deur en in ons Here Jesus Christus, wat sy Vader se wil kom vervul en bevestig het (Matt.5:17).

*Tweedens*, man en vrou is saam gelyk in waarde en wese voor God, van altyd af (Gen.1:26-28, 'Laat ons mense maak na ons beeld ... man *en* vrou het Hy hulle geskape'), ook na die sondeval (Ex.20:12, 'Eer jou vader *en* jou moeder ...'), hulle is gelyk in verlossing en redding in Christus alleen (Gal.3:28, 'Daar is nie meer man en vrou nie, want julle is almal *een* in Christus Jesus.')

*Derdens*, hef die eenheid in Christus, in waarde en wese, egter nie die verskeidenheid in rol en take op nie, en daarom, nadat daarop gewys is in Ef.5:22 dat mans en vrouens in Christus, *in hul verhouding tot die Here saam teenoor Hom en teenoor mekaar* onderdanig moet wees, gaan Paulus voort en wys daarop dat dit nie die skeppingsordening (verskillende role/take in sy Koninkryk) wegvat nie, maar dit heilig en bevestig:

> "**Ef.5:22-25** [22] Vroue, wees aan julle eie mans *onderdanig*, <u>soos</u> aan die Here. [23] Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. [24] Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees. [25] Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het

Sien ook 1 Kor.11:2,3 en 1 Tim.2:11-15 wat bevestig dat God se skeppingsordening (manlike liefdevolle leierskap in Christus, en vroulike onderdanigheid in Christus) nie verander het nie. Net soos mans in die OT bedeling vrouens volgens die OT se vereistes (Gen.1:26-28; Ex.20:12; Spr.31:10-31; ens) met liefde, respek en diensbaarheid moes behandel, netso moet mans dit ook in die NT tyd doen. Christus het nie die skeppingsordening kom verander, of sy Vader se normatiewe wil in die OT kom verander of kritiseer nie, maar Hy het God se skeppingswil kom herbevestig, deur vir ons sondes te kom sterwe, en deur sy Gees en Woord ons weer in staat te stel om liefdevolle leierskap te bied (mans), en vroulike onderdanigheid deur die vrou. Die Satan en die sondeval het hierdie goddelike orde kom aantas, Christus vervul en herstel God se skeppingsorde, vir sy Koninkryk en sy Vader se eer.

Daarom, *vierdens*, verwar König baie mense, veral vrouens deur na sekere verhale in die OT te verwys om daardeur sogenaamd te wys hoe 'onderdruk' die vrou was, of deur die 10de gebod te misbruik vir sy modernistiese feministiese agenda. Soos hierbo genoem, was daar baie wette in die OT (seremonieel en burgerlik) wat net vir die OT tyd gegeld het (sien Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 25) asook geskiedkundige verhale wat nie noodwendig normatief van aard is vir altyd nie. Elke verhaal en wetgewing moet daarom gelees word in die konteks van die hele OT, asook die NT, dus die hele Skrif. Niemand ontken dat daar veranderinge plaasgevind het nie (bv tussen die ou en die nuwe verbond, van besnydenis na doop, oor slawerny, posisies van verskillende mense, ens.), maar daarom moet 'n mens versigtig wees om elke saak en teks te beoordeel. König gaan kieskeurig te werk met die verhale wat hy as voorbeeld voorhou. Hoekom nie Sara se voorbeeld vat as onderdanige vrou aan Abraham, soos Petrus dit as 'kosbaar voor God'

beskryf in 1 Pe.3:1-6 nie ? So terloops, 2 Kon.4:1 was geen 'diskriminasie' teen die vrou nie. As haar man gelewe het, sou hy as slaaf moes gaan werk het, en ironies genoeg, wys Lev.25:39-41 wat dit reël, daarop dat hul dan nie as 'slawe' hanteer is nie, maar as 'bywoners' wat later weer vrygelaat is.

König se 'verklaring' van die 10de gebod, sou dit dan beteken dat die vrou dan 'n 'besitting' was in die OT en dus nie 'regte' het nie, is om die minste te sê pateties. 'n Mens sou baie meer verwag van so 'n geleerde. Maar as jy 'n moderne agenda het, moet alles inpas, soos Marcion in sy tyd ook gedoen het (ek het die 'insiggese' ook al van 'n dopper predikant gehoor by 'n klassis vergadering, oor die tiende gebod as 'vroue diskriminasie'). Maar, die tiende gebod gaan nie oor wat 'besittings' is nie, maar oor die feit *dat* jy nie mag begeer nie, en dan word 'n klomp voorbeelde genoem, menslike dinge, onder andere die vrou, diensmaagde, ens, en dan 'besittings', soos 'n huis, landerye, os, ens. In die 8ste gebod, 'Jy mag nie steel nie', gaan dit oor 'besittings', en daar word die vrou/mense nie genoem nie.
As König wil staan by hierdie verklaring, waarom nie dan ook dit van toepassing maak op die 4de en 5de gebod nie. In die 4de gebod lees ons: "dan mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun, of ... jou *vee* of jou ...", d.w.s. diere is ook mense, want die vee word saam met ander mense genoem ... (wie weet, dalk glo König dit?). En in die 5de gebod lees ons, 'Eer jou vader *en* jou moeder ...', dus 'n moeder is ook 'n vrou, en as 'n vrou 'n besitting is, en sy word in die 5de gebod gelyk gestel aan die man, dan beteken dit ... die man is ook net 'n 'besitting' in die OT !

> König: "Hierdie wedersydse onderdanigheid is ook nie vreemd aan die gewone verhoudings tussen Christene nie. "In nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself" (Fil. 2:2). Natuurlik kan ek my vrou se belange bo myne ag en sy kan op haar beurt myne bo hare ag. Miskien is dit nie eens spesifiek Christelik nie, maar net goed opgevoed. 'n Moeiliker, maar opwindender huwelik: Dit is wel waar dat 'n huwelik waar die een die sê het en die ander een net moet inval, minder ruimte gee vir verskille en spanning (natuurlik net indien die "onderste" een dit aanvaar). Maar dis ook 'n huwelik met min ruimte vir ontwikkeling, verrassings en opwinding. Daarteenoor is 'n "wederkerige" huwelik wel meer oop vir verskille en spanning, maar dis 'n huwelik waarin daar plek is vir heerlike nuwighede, verrassings en opgewondenheid. Dis 'n huwelik wat kan ontwikkel, waarin pligte kan skuif van die een na die ander, waarin veral die vrou haar volle potensiaal kan ontwikkel, waarin twee mense ná 'n paar dekades se saamwees byna nie meer kan onthou hoe hul oorspronklike verhouding gelyk het nie, waarin jou troudag nie die gelukkigste dag van jou lewe is nie!"

slc: Juis in die handhawing van God se skeppingsorde - die Here se rolle en take vir man en vrou - kan die een haar hoër ag as homself (Fil.2:2). Christus was en is gelyk in waarde en wese met die Vader, maar verskillend in rol en taak (sien HK Sondag 8), maar dit maak nie van Christus minderwaardig of minder God

nie. Die vrou is gelyk in waarde en wese met die man, maar verskillend in rol en taak, en dit maak haar ook nie minderwaardig of minder mens nie.

Konklusie: die gnostieke, marcionisties-dualistiese dwalinge van die eerste eeue, is nog lewendig, baie lewendig in die kerke vandag.

Die Here het in sy raad en wysheid bepaal dat liefdevolle leierskap en gesag aan die man sal behoort wat aan die vereistes van die Skrif moet voldoen. Daar is 'fisiese' en 'geestelike' vereistes, 'natuur én genade' vereistes, soos ons dit lees bv.in 1 Kor.11:2,3; 14:34-40; Ef.5:21-33; 1 Tim.2:11-15, ens. Die 'evangeliese marcionistiese feministe' stel die genade teenoor die natuur, as hul beweer dit gaan net oor 'geestelike vereistes' en nie 'natuurlike vereistes' nie. Nee, dit is albei, soos die Vader van die OT en NT dit bepaal het, en soos sy Seun dit bevestig het. Ons kan in die gevaar val om een of beide aspekte te verabsoluteer, bv.

> a. "ons moet sorg dat daar genoeg mans as ampsdraers is, dit is nie belangrik of hul godsvresend, bekwaam, dienend en toegewy is volgens 1 Tim.3 nie, solank dit net 'manne' is" (chauvinistiese konserwatisme)
>
> b. "dit gee nie om of 'n man of vrou 'n ampsdraer is nie, solank hul net godsvresend, bekwaam, dienend en toegewy is" (evangeliese feminisme).

Altwee sieninge is vals, en nie die wil van die Here nie, en ons moet eerlik wees, ons 'konserwatiewe kerke' is meestal skuldig aan eersgenoemde. König en die hele geslag van teoloë wat marcionisties dink, d.w.s. 'n valse dualisme tussen die man en vrou ("man en vrou kan nie gelyk in waarde en wese wees, as hul nie ook gelyk is in rol en taak nie, en daarom moet ons die 'teenstelling' tussen natuur en genade afgebreek word"), bied ook nie die oplossing nie.

Mag ons hemelse Vader, die Gewer van beide die OT en NT, die Skepper van hemel en aarde (natuur), van al wat lewe (gees), die Vader van ons Here Jesus Christus, wat 'gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde is' (Hebr.11:6) ons help om die dwalinge van openlike of bedekte marcionisme teen te gaan, sodat ons Hom sal dien soos Hy beveel, na liggaam en gees, in Gees en Waarheid (Joh.4:24): ware bybelse diensbare manlike leierskap en vroulike dienende onderdanigheid, in Christus.

> "The words of Scripture are not ours to tamper with as we please. In the second century, Marcion tried to remove from Scripture all the sections he disagreed with. The Jehovah's Witnesses have a special translation that changes a few key words to suit their doctrine. Now we have an NRSV that does a very similar thing in order to eliminate "masculine language" from thousands of verses of Scripture. When it does this, it unnecessarily distorts the meaning of the Word of God. And so do the other gender-neutral versions (CEV, ncv, NIVI, and NLT) that follow its precedent." – Wayne Grudem